

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Waar is jou siel?”

Skriflesing: Markus 8:31-38 (1953)

³¹ Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan.

³² En hierdie woord het Hy ronduit gespreek. En Petrus het Hom opsy geneem en Hom begin bestraf.

³³ Maar Hy het Hom omgedraai, en terwyl Hy sy dissipels aankyk, het Hy Petrus bestraf en gesê: Gaan weg agter My, Satan! Want jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van die mense.

³⁴ EN toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

³⁵ Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red.

³⁶ Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?

³⁷ Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?

³⁸ Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die heilige engele.

Broodjies vir die pad

I write from my soul. This is the reason that critics don't hurt me, because it is me. If it was not me, if I was pretending to be someone else, then this could unbalance my world, but I know who I am.

Paulo Coelho

It matters not how strait the gate, How charged with punishments the scroll; I am the master of my fate: I am the captain of my soul.

William Ernest Henley

The breaking wave and the muscle as it contracts obey the same law. Delicate line gathers the body's total strength in a bold balance. Shall my soul meet so severe a curve, journeying on its way to form?

Dag Hammarskjöld

I am profoundly grateful that all of my life I have had a simple faith that Jesus is the Christ. That witness has been confirmed to me hundreds of times. It is the crowning knowledge of my soul. It is the spiritual light of my being. It is the cornerstone of my life.

James E. Faust

Brood vir die pad

Die beweginglose dans

Abel Pienaar

Een van my gunsteling-gedigte (of 'n gedeelte daarvan) kom van die Amerikaans gebore skrywer en digter, T.S. Eliot (1888-1965).

Die spesifieke gedig waarvan ek praat, *The Four Quartets*, is Eliot se laaste groot werk. Hy het dit geskryf teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog. 'n Tyd waarin daar nie net baie vrees en woede was nie, maar ook 'n diep ontugtering en selfs depressie in die gemoedere van die meeste mense.

Dit verduidelik dan ook Eliot se woorde aan die begin van sy gedig.

“Here is a place of disaffection

Time before and Time after

In a dim light...

...Only a flicker”

Die woorde, *Only a flicker*, verwoord dan juis sy gevoelens oor die weerloosheid en tydelikheid van menslike lewe. Want is dit nie so nie, dat veral in oorlog, krisis en tragedie word 'n mens meer bewus van jou sterflikheid en tydelikheid? Die besef dat die lewe in 'n oogwink verby kan wees.

Meer egter as die bewuswording van die tydelike aard van die mens, is ook vir Eliot die besef dat die sogenaamde eksterne dinge waarop die mense so geredelik vertrou, eintlik maar net so verganklik en “flikkerend” is.

Niks is permanent nie. Niks is vir altyd nie. Presies waarna Masashi Kishimoto verwys met: “All things that have form eventually decay.”

Die enigste onveranderde, is dus dat alles verander, heeltyd.

En dit is dan hierdie werklikheid wat Eliot direk konfronteer. En eerder as om in moedeloosheid en hopeloosheid weg te sink, beleef Eliot 'n innerlike ontwaking. Hy besef dat ondanks die lewe se ewige veranderende en tydelike verloop, is daar tog iets dieper. Iets wat mensewoorde soms sukkel om aan te raak.

'n Innerlike vrede en beweginglose stilte. Iets tydloos. Eliot noem dit die “stil punt”. Met “stil” verwys hy na meer as net stilte, hy impliseer ook die staak van beweging; om bewegingloos te kan rus in dit wat is. En dan skryf Eliot, seker die bekendste gedeelte van sy gedig, wat hy die stil, of beweginglose, punt noem:

“At the still point of the turning world.

Neither flesh nor fleshless;
neither from nor towards;
at the still-point, there the dance is,
but neither arrest nor movement,
and do not call it fixity,
where past and future are gathered.”

Eliot gebruik hier bewustelik Oosterse spiritualiteit se beelde en metafore. Hy teken dan ook aan dat hy vrylik gebruik gemaak het van die Hindoe-geskrif, die Bhagavad-Gita (vanuit die Mahabharata).

“Neither movement from nor towards,
neither ascent nor decline.
Except for the point,
the still point,
there would be no dance, and there is only the dance.
I can only say, there we have been:
but I cannot say where.
And I cannot say,
how long,
for that is to place it in time.”

Eliot gebruik hier ’n sterk beeld: “... neither ascent nor decline. Except for the point, the still point...” Dit herinner natuurlik aan die Boeddhistiese metafoor van ’n draaiende wiel, wat ’n beweginglose as het. Alhoewel die wiel vinnig draai staan die as stil, baie soos wat aangetref kan word in die oog van ’n storm. Beweginglose stilte, ondanks die geweldadige en vernietigende stormwinde.

En in hierdie oog, middelpunt, kern, of as van die wiel, beleef Eliot iets spiritueels. Hy noem dit: “... there the dance is”. Hy beleef ’n paradoks. Want alhoewel Eliot ’n beweginglose middelpunt beleef, is daar gelyktydig ook ’n dans in hierdie middelpunt teenwoordig. En hierdie dans, middelpunt of kern, is buite tyd en ruimte.

Dit is nie ’n fisiese plek nie. “Neither flesh nor fleshless; neither from nor towards...”

Eliot sê dan ook dat hy nie weet waar hierdie stil punt is nie, al waarvan hy wel seker is, is dat dit ís. Hierdie gewaarwording van ’n tydlose, pleklose en beweginglose punt is natuurlik nie uniek aan Eliot nie. Wat hy so mooi poëties omskrywe is die belewenis van vele mistici en spirituele reisigers deur die eeue heen.

Die Taoïstiese leermeester, Lao Tzu, noem dit: “... to reside at the center.” Amit Ray omskryf dit as: “... your deep inner-self...” en T.F. Hodge beskrywe dit as: “...an inner place of a original knowing.”

En een van Eliot se tydgenote W.B. Yeats (1865-1939) skryf die volgende oor hierdie stil punt: “The journey into the inner self is not just the important one, it is the only one. We need to listen to the sound beyond the silence.”

Want hierdie innerlike beweginglose, nie-plek van stilte, is ook waar jy jousef kan raakloop, jousef verby jou geskepte ego-storie. Die self wat nog altyd was.

En hierdie tema van “beyond the silence,” van Yeats, kom ook voor by Ram Dass: “The quieter you become, the more you can hear.”

En wat hoor jy, wat sien jy?

Presies dit waarna Jiddu Krishnamurti verwys met: “Look within. You are the world!” En Byron Katie met: “You are what exists before all stories.”

Anders gestel, jy sien raak dat jy soveel meer is as wat jy altyd gedink het. Jy word bewus van die beperkinge wat jy op jousef geplaas het.

Dit wat Jon Muth probeer sê met: “It is easy to believe we are each waves and forget we are also the ocean.” En natuurlik dit wat Eliot herontdek het, met sy “still point” te midde van die wreedheid en hartseer van oorlog.

Eliot se afsluitings-woorde van sy gedig wys juis hierop: “And the fire and the rose are one.” Met die simbole van vuur (lewe en dood se vernietigende krag) en ’n roos (liefde, wysheid en spiritualiteit) se eintlike eenheid.

Ongeag lewe of dood, ons is meer as dit: ’n gewaarwording wat net dié beskore is wat bereid is om na binne te gaan. Eerder as om gevangenes te wees van uiterlike omstandighede en gebeure.

En dan vanuit hierdie innerlike werklikheid of “still point” word alles duidelik en kan jy dan hardop verklaar:

Ek is nie my suksesse of mislukkings nie.

Ek is nie my besittings nie.

Ek is nie net my liggaam nie,

net so min as wat ek net die klere is wat daaroor hang.

Ek is nie my probleme of my vrese nie.

Ek is nie my herinneringe, gedagtes, emosies of my storie nie.

Ek is meer as wat ek dink, analiseer en evalueer.

Ek is iets meer as dit alles.

Ek is die oneindige stilte wat tussen my gedagtes bestaan.

Die ewige, tydlose bewustheid,

die bewustheid wie ek is en wie almal is.

En dan kan ek begin dans,

op ritme van die stilte.

Ons sal dan ook uiteindelik kan verstaan wat Eliot probeer sê het met:

“At the still point of the turning world.

Neither flesh nor fleshless;

neither from nor towards;

at the still-point, there the dance is.”

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-02-26-kop-en-hart-blog-die-beweginglose-dans>